



ST. AGNES VAN MONTEPULCIANO

20 APRIL

(sterf 1317)

Sy was 'n merkwaardige kind wat die meeste van haar tyd in gebed deurgebring het. Op 9-jarige leeftyd oortuig sy haar ouers om haar in die klooster van Montepulciano te plaas. Op die ouderdom van vyftien is sy verkies tot owerste van 'n nuwe stigting by Procena. Rondom die jaar 1300 keer sy terug na Montepulciano waar sy 'n nuwe klooster onder die Reël van St. Dominicus open. Tot en met haar dood sou sy die owerste daar wees. Sy het 'n lewe van selfafsterwing gelei en vir meer as 15 jaar op slegs brood en water oorleef. Sy het altyd op die harde vloer geslaap en is geseën met visioene en talle wonderwerke het op haar voorspraak plaasgevind.